

Het jy 'n masker, dra hom!



Covid-19 beweeg soos 'n stille sluipmoordenaar, met onbewuste medepligtiges. Miskien sal jy een van hulle wees. Die beste manier om te verseker dat jy nie die virus opdoen nie: dra 'n masker, was gereeld hande en hou 'n afstand van ander. Daar is 'n groot tekort aan N95-maskers wat ontwerp is om mediese personeel en dokters veilig te hou. Maar byna enige soort masker, eenvoudige lap wat jou mond bedek, soos 'n tuisgemaakte masker, of selfs 'n "bandana", kan die sluipmoordenaar in sy spore stuit. Statistiek het bewys dat in lande met die laagste infeksie getalle, het die dra van maskers 'n groot bydrae gehad. Gaan kyk gerus na die YouTube video van Carte Blanche wat Sondag uitgesaai is - #Masks4All. Foto: In 1918 tydens die Spaanse griep het hulle al maskers gedra sodat die virus nie oorgedra word nie.

Covid-19 siftingstoetse word Saterdag gedoen

Die regering het 'n grootskaalse nasionale siftingtoetsprogram geloods om meer inligting te kry oor moontlike potensiële Covid-19 gevalle. Dit behels dat vraelyste deur gesondheidspersoneel ingevul word en 'n persoon se koors geneem word tydens so 'n siftingstoets. Saterdag 18 April word daar siftingtoetse by Heilbron Kliniek en in die parkeerterrein

voor Sanjo's gedoen vanaf 09:00 tot 12:00.

Hierdie is slegs 'n sifting en nie neem van monsters nie. Indien vermoed word dat 'n persoon Covid-19 onder lede het sal die pasiënt verwys word na toetssentrums by Tokolo Hospitaal of Relebohile kliniek.

Die toetse is vrywillig vir inwoners. Sien advertensie op bladsy 6.



Heilbron se gesondheidspersoneel wat reg staan om te help met die siftingstoetse Saterdag is vl: Ellen Maloka, Thea Rossouw, Madri Bergh, Riekie Els, Mosa Mtolo, Hettie Rothman en Danie Knoetze (Vrywilliger).

Face MASKS

- ✓ 100% Local
- ✓ Handmade
- ✓ Washable
- ✓ Reusable

- 140gsm non-woven polyester filter
- 100% polyester 200gsm double-layered fabric
- Successfully tested through hospital autoclave machine

1-20 units R45 ex VAT
20+ units R40 ex VAT

Heilbron Herald Office National

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Elke Donderdag

te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

Opknapping en verbetering

Korona kan klein besighede sink. COVID-19 - dié gevreesde virus vanuit die Ooste het in 'n oogwink die lewens van alle Suid-Afrikaners verander. Vir klein besigheidseienaars, soos die eienaar van Donsveertjie Gasteplaas & Venue het die aankoms van die virus veroorsaak dat die toekoms vaal lyk. Donsveertjie is bekend aan die Heilbron omgewing en is ongeveer 10km buite Heilbron op die R34. Na gerugte van moontlike inperkings is die eerste stel reëls met 'n sug van verligting gegroet. Sosiale byeenkomste en troues mag voortgaan, mits die gaste nie meer as 'n honderd is nie. Alhoewel dit die uitstel van sommige funksies by Donsveertjie beteken het, kon bespreekte troues en funksies grootliks ongeraak voortgaan. Die gerustheid was wel van baie korte duur, toe daar nie lank daarna nie 'n nasionale staat van inperking aangekondig word. Nie net vir Donsveertjie nie, maar ook slegte nuus vir baie ander klein besighede, ongeag die industrie. “Met dié nuus het oproepe en boodskappe ingestroom. Al ons gaste moes hulle besprekings kanselleer of uitstel en talle bruide moes ook noodgedwonge hul spesiale dag uitstel,” vertel Colett Els, eienaar van Donsveertjie. Die enorme finansiële impak op die besigheid en die onsekerheid wat daarmee gepaard gaan, het hulle almal geskok. Gastekamers staan leeg en inkomste gaan verlore. Die volgende paar maande gaan beslis 'n tydperk van baie stres behels vir hierdie besigheid. Colett vertel dat by Donsveertjie hulle steeds sterk staan in geloof en positief bly om die tyd van inperking te benut. “Ons het besluit om leë kamers te verander en verbeterings en reparasies te doen. Donsveertjie is vasberade om beter en sterker uit die situasie te kom.” Donsveertjie Gasteplaas en Venue is steeds beskikbaar vir enige navrae en besprekings in hierdie tydperk. Soos talle ander maak hulle die beste van die situasie en word die inperkingstyd goed benut. Daar word net gehoop dat besigheid kan terugkeer na normaal wanneer die inperkingstyd verby is.



Uitdaging doen die rondte

Talle mense op sosiale media is onder groepsdruk geplaas nadat hulle deur vriende genomineer is om die eier-uitdaging te doen tydens die inperkingsperiode. Bekend as die #EggChallenge of #CoronaChallenge het dit kort voor lank ook sy verskyning gemaak onder die Heilbron-inwoners. Facebook gebruikers laai 'n video op van 'n glasie met 'n rou eier, 'n lepel vol suiker en 'n sopie brandewyn of whiskey. Daarna word hierdie inhoud entoesiasties gesluk en soms afgewurg. Nadat die uitdaging voltooi is word die volgende groep mense genomineer. Meeste het ook improviseer en in plaas daarvan om brandewyn of whiskey in die laaste glasie te gooi, enige ander alkoholiese drankie te gebruik. Herhaaldelik kon jy op groepe sien hoe mense suksesvol is, óf die eier terugspoeg van naarheid. Die oorsprong van die uidaging is nog onduidelik, maar dit blyk 'n Suid-Afrikaanse ding te wees. Daar is bewerings dat mense die uitdaging doen as gevolg van die verveldheid wat met die inperkingsperiode gepaard gaan, terwyl ander bylas dat dit is om die gemoedere te lig. Sommiges meen dat die eier-uitdaging eintlik te doen het met die afgelope Paasfeestyd. Sommiges wat uitgedaag is, maar nie kans gesien het vir 'n hoendereier nie het oor die paasnaweek 'n paaseier gebruik in die plek daarvan. Verskeie ander het die eier sommer heel gekou. 'n Rou eier is propvol waardevolle voedingstowwe en word al lank gebruik onder atlete. 'n Rou eier kan egter ook skadelike bakterië bevat soos Salmonella, wat kan lei tot voedselvergiftiging, sepsis en die dood, in uiterste gevalle. Algemene simptome van Salmonella sluit in: hoofpyn, koors, waterige diaree, abdominale pyn en krampe, asook naarheid. Bly veilig en bly tuis, ons sien uit om die volgende uitdaging te aanskou.

Hier volg 'n paar skermkiekies vanaf Facebook van 'n paar Heilbronners.

Deure toe, harte oop



Wie sou 'n maand terug kon dink dat dit nodig sou wees om kerke te sluit? Maar hier is dit nou, Korona het SA getref en dit is 'n voorreg om aanlynstelsels beskikbaar te hê om dienste uit te saai. Die Kerk is soos 'n gesin van God en die gelowige gemeenskap het nog altyd as fisiese eenheid bestaan om saam met mekaar by dieselfde plek bymekaar kom. Met tegnologiese ontwikkeling is dit egter besig om te verander en weens die inperkingsperiode kan mense nie meer op dieselfde plek bymekaar kom nie. In hierdie tyd waar mens nie anders kan nie beteken dit nie kerke is minder van 'n gemeente nie, solank die teenwoordigheid van God betrokke is en vergader as deel van Sy gesin en Sy gemeenskap maak die gebou nie regtig saak nie. Kerke is leeg, maar predikers verprei steeds die woord. Ontvang steeds kos vir die siel en besoek gerus www.kieskerk.com wat verskeie aanlyn-kerkdienste beskikbaar stel vir besigtiging. Talle ander kerke saai ook oggenddienste met lewendige beeldsendings uit en kan besigtig word op verskeie sosiale media platforms of op televisie. In ons eie dorp is Ds Tiaan Victor gereeld aktief en word videos opgelaaai op NG Gemeente Heilbron-Suid se Facebookblad en Youtube-blad. Op dag 18 van inperking het hy 'n boodskap gegee aan die luisteraars oor Uurglas-bestuur. 'n Gedeelte van Prediker 3 is voorgelees om die boodskap te ondersteun. Met beperkte tyd op hierdie aarde is dit belangrik om jou prioriteite reg te bestuur en tyd te bestee aan dit wat regtig belangrik is.

2				8		7		
	5					9		8
7					2	4		
		6	7			2		
3		2	4	9	6			7
		5		1				
	6			2		5	4	
5				4			3	
	9	4			1			



Rico de Witt



Beau du Plessis



Alet Petzer



Julia Kruger

Heilbron se harte gaan uit

Terwyl aansoek uitgestuur word aan Solidariteit se Helpende Hand, neem Danie Knoetze die inisiatief deur 'n soortgelyke projek te bedryf vir die minderbevoorregtes in Heilbron. Hy sê daar is nie tyd om te wag vir fondse van die liefdadigheidsorganisasie om mense in die dorp te bereik nie. Hy en sy verloofde, Vanessa Blignaut bestuur hierdie projek as instrumente van God vanuit hulle voorportaal. Hulle vra donasies en skenk kospakkies aan dié wat dit die meeste nodig het omdat hulle direk deur die Covid-19-regulasies, geraak word. Heilbronniers se gemeenskap nomineer mense en daar is altesaam 32 name op die lys waarvan kospakkies al aan 25 afgelewer is. Die algemene pakkie se waarde is R540-R580 en sluit onbederfbare noodsaaklike produkte in soos: mieliemeel, makaroni, tandepasta, soya mince, seep en kookolie. 'n Standaardlys word gevolg word om die pakkies op te maak, maar daar was ook ander produkte geskenk en van die pakkies het al langlewe melk, pampoen en 2-minute noodles bevat. Die kontant skenkings word glad nie gebruik vir onnodige produkte nie. Elke donasie word gebruik en enige iets is welkom. Hierdie boks is genoeg vir 'n basiese gesin om 'n week mee te kan kos maak, indien dit reg gebruik word. Vir dié wat dit benodig is van die geld al gebruik om vir huisgesinne krag te kan koop. Verskeie streng maatreëls word gevolg om die projek te hanteer en elk moet eers 'n vorm invul voordat 'n donasie aan hulle gemaak word. Die vorm word egter ook deurgestuur aan Solidariteit se hulpfonds om verdere ondersteuning te gee, maar terwyl daar gewag word vir goedkeuring is hierdie Heilbron-projek reeds aan die gang om mense uit te help. Danie besoek elke huishouding persoonlik om eers na die omstandighede te kyk waarvan die familie die vorm dan kan invul. Op sy eie onkoste ry hy rond van huis tot huis en waardeer ook die diesel skenking wat hiervoor gemaak is. Hy doen dit uit die goedheid van sy hart en niks van die skenkings word vir eie gebruik geneem nie. Indien die produkte reeds beskikbaar is en die nood groot, word 'n kospakkie afgelewer binne 'n dag of twee. Dit word met ope arms en trane van blydschap ontvang. Daar is 'n groot behoefte vir die volgende paar weke wat voorlê en daar word verseker dat goeie ondersoek eers ingestel is. Pakkies word persoonlik deur Danie afgelewer om te verseker dit bereik die regte gesin. Volgens van hierdie gesinne is daar 'n groot behoefte aan toiletpapier. Verskeie besighede, instansies en mense het al skenkings gemaak “Dit is moeilik om elkeen uit te sonder en voor dankie te sê” verduidelik Danie, en groot waardering word vir elkeen getoon. Elke teesakkie, blikkie kos en geldjie word opreg waardeer. Die Boeretreat, Safra, Busta en Clover is maar 'n klein groepie van dié besighede wat dit moontlik gemaak het om op 16 April 'n verdere 30 pakkies op te maak vir behoeftiges. Meeste van die produkte word by Spar aangekoop en mense kan daar ook die skenkings maak vir hierdie projek. Kontak vir Danie Knoetze by 082 974 0055 indien jy ook jou deel wil doen of weet van iemand wat hierdie ondersteuning sal benodig.



Huishoudelike produkte as bemesting

Omtrent alle kunsmis in SA bestaan uit stikstof (N), fosfor (P) en kalium (K). Dit is die drie belangrikste groepe voedingstowwe wat plante benodig. Met daardie basiese kennis en die wete dat kalsium en magnesium ook noodsaaklike elemente is, kan mens “buitengewone voeding” vir jou plante gee.

Melk en eierdoppe
Gee jou plante ou melk en fyngemaakte eierdoppe. Dit bevat kalsium en melk vernietig ook "white mildew".

Engelse sout
Engelse sout (epsom salts) is suiwer magnesium-sulfaat. Dit is goed vir plante en mense. Meng 1 teelepel met 10 liter water vir plante en 1 teelepel in 'n glasie water vir jouself.

Teeblare en koffiemoer
Teeblare (gebreekte teesakkies) en koffiemoer bevat baie stikstof. Koffiemoer is ietwat suur en verlaag dus die pH van jou plante se grond. Plante wat van suurgrond (lae pH) hou soos Clivias, varkore en palms is mal daaroor.

Asyn
Om die pH van jou grond te verlaag vir plante wat suurgrond soek, gooi 1 x eetelepel

asyn by 10 liter water waar bv. Clivias en aronskelke geplant is. LW: Asyn is nie 'n voedingstof nie, dit verlaag net grond se pH (maak dit suurder) nes swembadsuur 'n swembad se pH verlaag.

Gebrande hout (as)
As verhoog jou grond se pH (teenoorgestelde van asyn) en moet dus net gebruik word by plante wat van alkaliese grond hou soos aspersies of kool. Dit bevat koolstof wat ook goed is vir plante. Min plante hou van hoë pH grond.

Piesangskille en Coke Zero
Ou piesangs en piesangskille is een van die beste bronne van kalium. Coke bevat ook kalium maar dis baie duurder as kunsmis. Ou Coke is natuurlik reg, maar ou Coke Zero is beter, want die suiker in gewone Coke lok net miere en ander onnodige insekte.

Erdwurm en menslike urine
Die vog wat in 'n erdwurmplaas gevorm word is die beste bemesting op aarde. Urine is steriel en bevat stikstof, fosfor en kalium. Dit moet net met water verdun word in verhouding 1:8 of 1:10. Om verstaanbare redes gebruik mens dit nie vir spinasie, kool of slaai nie.

Hondekos
Hondekos is eintlik niks anders as pap en vleis wat verwerk is nie. Kwekery-eienaars sê dat Nitrosol as voedingstof vir beseerde plantjies gebruik kan word. Nitrosol word eintlik net van bloed gemaak. Wanneer jy nuwe plante in 'n pot sit, plaas dus 'n paar pilletjies hondekos in die grondmengsel. Dit bevat stikstof, fosfor en kalium en ander minerale.

Sunlight vloeibare seep
Gebruik dit vir plaagbeheer van witvlieg en skimmel. Voeg een eetelepel by 1 liter water en spuit jou suurlemoenboom en ander plante se blare daarmee. Dit is natuurlik nie 'n voedingstof nie en beheer slegs peste.

Aspirien (Disprin)
Gee plante 'n flou oplossing van Disprin as hulle beseer of beskadig is. Die asetiëlsalisiëlsuur stimuleer die immuunstelsel van die plant om skade te beveg wat veroorsaak is deur diere, peste of fisiese skade.

FACE SHIELDS

PROVIDING A LAYER OF PROTECTION COVERING THE WEARER'S ENTIRE FACE:

- Manufactured from 0.5mm PETG
- Polypropylene Adjustable headband
- Visor height 240mm
- Unit is supplied flat packed & easy to assemble

1 - 5 Units:
R 60.55 ex. VAT

5 + Units:
R 50.55 ex. VAT

Product Code: MED501

083 269 9257 | heraldoffice@heilbron.co.za

We mean business

OUR DIGITAL SERVICES ARE OPERATIONAL DURING THE COVID-19 LOCKDOWN

ORDERS, FOR THE FOLLOWING SERVICES, ARE STILL OPEN DURING LOCKDOWN FOR PROCESSING:

- Design
- Print
- Signage
- Stationery
- Office Furniture
- Branded Clothing & Apparel

For more information contact us on: 083 269 9257 | heraldoffice@heilbron.co.za

WEEK 3

SUID-AFRIKANERS IS 'N RARE NASIE. Die enigste manier hoedat ons oor ons seer kan kom, is om grappe daaroor te maak. Vir baie mense kan dit ligsinnig klink, maar vir my is dit die enigste manier om dinge te verwerk.

Toe my rookopsussie dood is, het ons doelbewus al haar grappies vertel en gelag oor haar lewe. Dieselfde met my ou grapjas Pa. Ons lag dat ons lê, en onthou diegene wat nie meer met ons is nie, met 'n (lag)traan in die oog.

Ek het elke Corona-meme aangestuur nadat ek myself in 'n ligte histerie gelag het. Aanvanklik was die memes oulike prentjies met snaakse kommentaar by. Maar ek is nou effens moeg vir Corona-memes. Ek wil nou nie meer soos 'n tipiese Suid-Afrikaner lag oor die gemors waarin ons onself bevind nie.

NET 'N KLEIN KANTAANTEKENING OOR 'N MEME: volgens die internet is 'n meme “an image, video, piece of text, etc., typically humorous in nature, that is copied and spread rapidly by Internet users, often with slight variations.”

Spread rapidly, gewis. Die ergste is dat iemand dieselfde meme wat jy vir hom/haar aangestuur het, weer terugstuur na jou toe. Ek het ook al agtergekom dat iemand 'n prentjie per selfoon aanstuur en die ander persoon reageer met 'n laggessiggie, sonder dat hy/sy eers na die prentjie gekyk het.

SO: HOE GAAN DIT MET WEEK 3 IN GRENDDELSTAAT? Dit gaan, wel, gewoon. Behalwe vir die gewone nege-tot-vyf-werk, doen ons ander klein werkies in en om die huis ook om net kop te hou.

Ek het een middag, tydens my teetyd, die yskaste weggeskuif en onder dit geskrop. Die ander keer het ek dieselfde met die wasmasjien gedoen. En toe alles geblink het, die houtmeubels begin olie gee.

Verder het ek 'n groot stuk lap opgespoor en 15 spierwit kussingslope gemaak. Nogal die kante omgehekel, want daar was tyd en ek het die garing gehad. Ek weet nie wat ek met al die ander, ou kussingslope gaan maak nie.

En toe is ek daarmee ook klaar. As ek net met die honde kon gaan stap. Of selfs alleen gaan stap. Dit sou lekker wees om net in 'n winkel te gaan rond stap, maar helaas. Ek kan nie eers van die goedkoop petrol gaan ingooi nie, want waarheen sal ek nou ry?

Ek kon darem al een keer verlede week gaan bloed skenk (jip, dit mag jy doen) en vir my ma gaan inkopies aflewer het by die ouetehuis. Maar dit is min of meer wat ek buitenshuis kon doen. Ons hou selfs kerk in die slaapkamer. Tye verander, nê?

Iedergeval, ons oudste het verjaar en sy bly in 'n ander land, baie ver van ons af. Ek bak vir haar 'n heerlike wortelkoek, en teen 09:00 die volgende oggend bel ons haar wakker om vir haar te sing. Sy moes die koekkersies virtueel uitblaas. Ongelukkig kon ons nie winkel toe om klein koekkersies te kry nie, en die lang,

dun opsitkersies moes deug. Maar daar was net 7. En sy het 28 geword. Hoe doen jy dit? Maklik, jy sing vir haar en tel 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7 maal 4. Ons hou die WhatsApp videokamera naby die koek en blaas saam met haar die kersies uit.

En toe is daar een koek en net twee mense om dit op te eet...

HOOR EK JOU LIPPE AFLEK OOR DIE WORTELKOEK?

Aangesien ek nou resepte deel, hier is vir jou een. Die wortelkoek het 'n storie: my sussie het na die perfekte wortelkoekresep gesoek. Wanneer sy een gemaak het en haar man en seun proe, sal hulle kommentaar lewer: te soet, of te bitter, te min wortels of te veel kaneel, te droog of te krummelrig.

Uiteindelik het sy die perfekte resepte ontwikkel: Liena se Wortelkoek. Bak gou saam:

- 500 ml koekmeel
- 10 ml koeksoda
- 10 ml kaneel
- 3 ml gemmer
- Ruim knypie neutmuskaat
- 5 ml sout
- 500 ml suiker
- 4 eiers
- 250 ml sonneblomolie
- 10 ml vanieljegeursel
- 500 ml gerasperde wortels
- 225 g fyn, geblikte pynappel
- 250 ml klapper
- Ruim hand vol neute, fyngedruk.

Room die eiers en suiker en klits die olie by. Voeg die meel, koeksoda, kaneel, gemmer, neutmuskaat, sout en geursel by. Meng goed. Voeg die fyn pynappel, wortels, klapper en neute (opsioneel) by. Dit kan in 'n broodpannetjie gebak word, of 'n ringpan. Ek het dit in twee veerklamppanne teen 180°C gebak. 'n Ringpan sal 30 – 40 minute bak en die veerklamppan het 50 minute gebak, totdat die toetspen skoon uitkom.

As dit nie inperking was nie, sou ek die volgende versiersel opsit:

Klits 1 koppie room tot dit styf is, voeg so twee eetlepels versiersuiker of strooisuiker by en klits goed. Voeg een houder gladde maaskaas by (of roomkaas – wat baie vette maak!) en meng goed. Nou vir die sleutelbestanddeel: so teelepel lemoen- of suurlemoenskil. Verkoel die mengsel vir so 10 minute. Dit laat die heerlike lemoen- of suurlemoengeur deur die mengsel trek. En dan versier jy die koek daarmee.

Man, hoe water my mond nou. Jammer dat ousus net een keer per jaar verjaar.

En so is week 3 al verby. Wanneer jy jou oë knip, is hierdie grendeltyd ook verby. Wat het jy om daarvoor te wys?

Wel, dis skoon onder my yskaste en wasmasjien. Ek het 15 nuwe spierwit kussingslope, geborduur.

En ek sal werk toe moet rol. Geniet dit!

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NG SUID

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

GEREFORMEERDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

AGS, PLEINSTRAAT 72

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

CHRISTUS GEMEENTE

Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

AP-KERK

Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

METHODIST CHURCH

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Eredienste - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Kontak pastoor.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Kontak Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

Briewe aan: Redakteur


Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

By elkeen van Sy dissipels se voete was, het Hy seker 'n boodskap vir elkeen gehad. Min woorde seker, maar as daar was, Goddelike woorde, maar was ook 'n getuie van 'n liefdebewys, en nie van haat nie, tot eer van Sy Vader. Ek wonder of Hy iets vir Judas gesê het. Ek dink sy voorbeeld was genoeg vir Judas, as hy dit wou ter harte neem. Dit was ook 'n boodskap aan die wêreld: Jy moet jou vyande lief hê... Wat het Petrus gesê? "Here" nie net my voete nie, maar my hele ek". So kan 'n mens dit vertolk. Petrus se begeerte was, was glo ek, 'n begeerte gewees. "Was my rein, van alle sonde." Die boodskap aan ons kan wees: Is ons voete-wassers (liefde bewys) of is ons koppe-wassers? (Veroordeling)

Belewe ons nie ook dikwels die golwe van pyn, hartseer, eensaamheid, sonde en kleingelowigheid nie? Dan kyk ons angstig rond en Sy teenwoordigheid word vervaag as gevolg van omstandighede waarin ons soms beland. Dan kom Sy stem oor alles heen: "Kom na My toe met al jou laste en bekommeris!" By Hom is rus vir elke onstuimige gemoed. Ons "sink" ook soms, maar dan is daar 'n Sterk Hand, wat ons ophig, vashou en deur dra. "Kom!" sê Hy. Bron onbekend.

Gebed is nie om aan God te vertel hoe sleg of hoe goed jy is nie, maar soos om soos 'n afhanklike kind na jou Hemelse Vader toe te kom en Hom te dank vir al Sy beloftes, vir Sy getrouheid en dat Hy 'n Waarmaker van Sy Woord is. Gebed is om met God te kommunikeer en dan te wag tot Hy reageer. Gewoonlik kommunikeer God met ons deur Sy Woord, alhoewel hy ook Sy leraar, soms 'n droom, 'n "gesig" ens. kan gebruik.

Bron: "Brood op die water" 'n blaadjie Ingestuур deur Heléne Howell.



GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 17 Apr.	6 / 25	52% kans vir donderbuie
Sa 18 Apr.	10 / 26	49% kans vir donderbuie
So 19 Apr.	11 / 25	Warm
Ma 20 Apr.	10 / 27	Sonnig, warm
Di 21 Apr.	10 / 24	sonnig
Wo 22 Apr.	12 / 25	Bewolk
Do 23 Apr.	11 / 22	48% kans vir reën
Vr 24 Apr.	11 / 22	78% kans vir ligte reën
Sa 25 Apr.	10 / 21	82% kans vir donderbuie
So 26 Apr.	10 / 21	77% kans vir donderbuie
Ma 27 Apr.	10 / 21	65% kans vir donderbuie

JAARBEPLANNER 2020

MEI

2 Mei AGS Kerk - Kermis
8 Mei NG Moedergemeente Visete
13-15 Mei
Hoërskool Heilbron Revue
26 Mei Bloedskenk
NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30

JUNIE

6 Jun. AP Kerk - Basaar
26 Jun. AGS Kerk - Pannekoek verkoping

JULIE

25 Jul. AGS Kerk- Potjiekos
28 Jul. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30
31 Jul. BoereTreat

AUGUSTUS

1 Aug. BoereTreat
11 tot 14 Aug. NAMPO

SEPTEMBER

22 Sept. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30
29 Sept. Blyweesfees - NG Suidgemeente

OKTOBER

31 Okt. AGS Kerk - Pik-en-Proe ete

NOVEMBER

24 Nov. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30

DIENTE

GiG Technologies
Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
082 170 0000

VIR SNY-, HARK- EN BAALWERK.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
Maleficent 2
Dora and the Lost City of Gold
Joker
47 Meters Down
Gemini Man
Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553

TE HUUR
HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

WESSENTIAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT
Koopkrag gewaarborg
Kontak ons bemarkers
P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker
CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville
DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn
GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville
IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

KRONATOETS

Het jy 'n hoes?	1
Het jy verkoue?	1
Het jy diaree?	1
Het jy 'n seerkeel?	1
Het jy lyfseer?	1
Het jy hoofpyne?	1
Het jy 'n koors? (hoër as 37.8°C)	1
Sukkel jy om asem te haal?	2
Is jy baie moeg?	2
Het jy gereis in die afgelope 14 dae?	3
Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede?	3
Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg?	3

Merk die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar
UITSLAE

0-2 Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees
3-5 Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop
6-12 Kontak u dokter

12-24 Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999 of

Gaan kyk ook na die aanlyntoets by <https://t.co/xFzIqsGaeB>

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

AANDAG BOERE VKB CASE WERKSWINKEL
RINGERSTRAAT 16
HEILBRON
Kontak MJ Lourens
079 696 2459

PROJEKTOR TE HUUR!
NAVRAE BY HEILBRON HERALD: 058 852 3033

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

Eerste ryp of yskoue?

• Tom Watson

“Lockdown” blyk nou in die mondstaal 'n beter woord vir die huidige inperkingstydperk te wees!

Hoe dit ookal sy, dié tydperk is 'n groot deurmekaarspul want niemand weet eintlik wat om te verwag nie en dit sluit ook die weer in!

Vanoggend was dit een van daardie dae wat mammi en pappe in die lockdown nog 'n bietjie later onder die komberse wegkruip – want dit word beskou as die amptelike inwyding van die herfs.

Die nag temperature het gisteraand gewissel van 6 grade tot 1 graad – Heilbron dorp het 6 grade gemeet, Reitz wat nader aan die Drakensberge is het 4 grade en Kransfontein, nog 'n bietjie nader, het 1 graad gemeet.

Die Drakensberge (dit is nou aan die Vrystaatse kant) het nog nie eintlik sneeu neerslae gehad nie, hoewel Tiffindell aan die ooste Kaapse kant wel sneeu gehad het.

Sonneblom en sojabone is ook nog nat en hier en daar word sonneblomme gestroop, hoewel die graansilos berig dat dit ook nog nat is. Sonneblom met 10 persent vog word aanvaar, terwyl sojabone 14 persent droog moet wees.

Die goeie reën wat vanaf die begin van die lockdown-tydperk geval het, wat sowat 60 mm meet, het die laat mielieoes aangehelp en ook die winter-grondvog opgebou sodat daar genoeg vog sal wees om vroeg die lande te kan bewerk. Daar is egter nie genoeg hitte-eenhede om enige verskil aan die oes te maak nie.

Die swaar ryp word na verwagting eers omstreeks 19 Mei verwag AS bewolke toestande heers. Huidig lyk dit asof die bietjie “ryp” meer neig na yskoue, veral in die laagliggende streke. Dit behoort egter ook geen skade aan die mielies aan te rig nie.



Die eerste ryp oftewel yskoue het Woensdagoggend wit gelê op 'n laagliggende gedeelte van die plaas Gertruida van Tom Watson in Heilbron-distrik. Dit is die eerste tekens van 'n winter wat voorlê en was gepaardgaande met 'n kouefront wat deur hierdie deel van die Vrystaat getrek het. Daar is ook hierdie week 25 mm reën gemeet.

IN SUPPORT OF HEALTH CARE

CORONAVIRUS

ALL YOU NEED TO KNOW

There is a new coronavirus strain identified in China, which has caused cases of severe pneumonia in China. Coronavirus is a family of viruses known to cause illnesses ranging from common cold to pneumonia. Cases of COVID-19 have been exported to other cities and countries.

MONITOR YOUR HEALTH CLOSELY

- All travelers to monitor your health closely for 14 Days upon returning to South Africa.
- If you have fever, cough or runny nose, wear a mask and seek medical attention promptly.
- Call the clinic ahead of your visit and inform the doctor of your symptoms and travel history.

PRECAUTIONS TO TAKE

WASH HANDS FREQUENTLY WITH SOAP AND WATER

CLEAN AND DISINFECT FREQUENTLY TOUCHED OBJECTS AND SURFACES

SEE A DOCTOR IF YOU ARE UNWELL

AVOID CROWDED PLACES AND BEING AROUND PEOPLE WHO ARE UNWELL

COUGH AND SNEEZE INTO YOUR ARM NOT YOUR HANDS

AVOID TOUCHING EYES, NOSE OR MOUTH WITH UNWASHED HANDS

CONTACT NICD HOTLINE 0800 029 999

ROLSTOELPROJEK:

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

Heilbronners keer terug na resepte uitruillings

Tydens die inperkingsperiode en geen restaurante oop of kitskos beskikbaar nie word huis-houdings geforseer om daaglik iets vir die gesin voor te berei vir etenstyd.

Soos die wêreld tuisbly en sosiaal distansieer het baie mense nou die tyd om in die kombuis deur te bring.

Verskeie mense het deel geword van die #Quarantine-Cooking resepte uitruiling op Whatsapp.

'n Kort vinnige resepte word aangestuur na die persoon in die eerste posisie. Die boodskap word 'gecopy' en 'paste' na 10 verskillende mense nadat die persoon wie se naam in die tweede posisie skuif na nommer een en die ontvanger van die boodskap se naam kom dan in posisie twee.

So behoort jy talle interessante gunsteling van verskeie mense te ontvang.

Bak sommer nou grond-boontjielekkers indien jy lus is vir iets anders en jou supermark jou beperk tot net 'n sekere aantal lekkergoed om te koop.

GRONDBOONTJIE-KRAAKLEKKERS


Bestanddele

30 ml botter, 375 ml suiker, 125 ml gouestroop, Knippies sout, 125 ml water, 350 ml geroosterde grondboontjies, 1 ml koeksoda.

Metode

Plaas 'n vel bakpapier in 'n oondbak. Verhit die botter in 'n kastrol tot dit smelt. Voeg die suiker, gouestroop, sout en water by en roer die mengsel versigtig totdat al die suikerkristalle opgelos is. Kook die suikerstroop oor matige hitte tot dit die ligtekraakstadium bereik. Dit is wanneer die stroop bruin raak en hard, maar nie bros is nie wanneer jy dit in koue water toets. As jy 'n suikertermometer het, is dit 132 grade Celcius. Voeg die grondboontjies en koeksoda by en roer. Gooi die mengsel in die oondbak. Om dit makliker te maak om die lekkers in porsies te breek, merk die mengsel in blokkies sodra dit 'n klein bietjie afgekoel het. Laat heeltemal hard word en breek dan in blokkies.

Iets om 'n tydjie te verwyl



LOS OP

 x  = 6

 -  = 1

 +  = 11

 +  = 8

 -  = ?

 +  +  = 42

 +  = 17

 =  x 

 =  x 

 +  +  = ?

 = 2  = 5  = 8

 -  +  =

 +  -  =

 -  -  =

111 + 111 = 6

121 + 121 = 8

131 + 131 = 10

151 + 151 = ??

LOCKDOWN

DAREBEE WORKOUT @ darebee.com
LEVEL I 9 sets LEVEL II 9 sets LEVEL III 7 sets REST up to 2 minutes

20sec plank hold

20sec climber

20sec plank hold

20sec climber

20sec shoulder tap

20sec climber

Sperdatum vir advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald is WOENSDAE om 10:00

KORONAKENNIS

HULPLYN 080 002 9999
WHATSAPP 060 012 3456

Toon u sekere simptome?
Skakel die hulplyn EERS, daar sal u die nodige inligting verkry!
Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

SKAKEL U NAASTE BEMARKER VIR INSKRYWINGS EN MEER INLIGTING

BKB Louwida FRANKFORT
het hierdie **DONDERDAG**
veiling onder streng COVID-19
veiligheidsmaatreëls

Slegs **KOPERS** sal toegelaat word op perseel. **VERKOPERS** sal direk met **BEMARKERS** kan kommunikeer tydens veiling of reserve pryse vooraf kan deurgee.

Ger Burger 082 827 1952 - Barbel Linde 078 676 1718
Phil Boochoff 083 210 7135 - Jacques Meyer 026 681 6095
Wendol Roux 082 366 1369

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoorure by 058 852 3033.

Heilbron SPAR

ONS LEWER AF

Whatsapp jou bestelling, naam en adres na 076 049 0818
R20 afleweringsof sal ingereken word
U bestelling word by u deur afgelewer (slegs in Heilbron-dorp)
Slegs kaartbetalings met aflewering
Afweringstye: Ma - Vry 08:00 - 16:00, Sat 08:00 - 12:00
(bestelings voor 12:00 word daardie dag afgelewer)

INPERKINGS-WINKELTYE
Ma - Sat 08:00 - 17:00, Son 08:00 - 14:00
07:00 - 08:00 Slegs pensioenarisse

KOM ONS WERK SAAM ASSEBLIEF
Geen kinders toegelaat - hou hulle tuis
Handhaaf 1 meter spasie tussen persone
Wees asseblief geduldig
Nkosi Sikelel iAfrika - wees veilig!

JAARPROGRAM : 2020
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
23 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
30 MEI	BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET	
6 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
25 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
15 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
29 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
5 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
26 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	
3 OKTOBER	GROEPERING SKIET	09:00
3 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
17 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
6 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTER STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD	

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vissentraal.co.za

VISSENTRAL

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

Nou is die tyd!

Belê in meerdoolige fynwol Letelle Stoeuramme!

6 GEKEURDE,
prestasie getoetste jong ramme met 100 jaar se lyn en inteling agtergrond. Groepparing met objektiewe melings as riglyne van goeie moederseienskappe.

KONTAK BESONDERHEDE: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za

RAMME SE GEMIDDELDE

- Mikron 19
- CF 99 plus
- Skoon opbrengs 59%
- Treksterkte 40%